Laerskool Jan van Riebeeck

Kloofstraat 52, Kaapstad, 8001 Tel. 021 423 4209

Webtuiste: laerskooljanvanriebeeck.co.za E-pos: ontvangs@jvrprim.co.za

**VERSLAG: SISTEMIESE UITSLAE VAN 2021**

**Inleiding**

Die gr.3's en 6'e het in Oktober 2021 vir die eerste keer na twee jaar weer die WKOD se Sistemiese Toetse afgelê. Hierdie Afrikaans- en Wiskundetoetse word deur die hele provinsie se leerders geskryf. Alhoewel die provinsie- en die ander kwintielskole skole waarmee ons onsself kan vergelyk, se slaagsyfer en gemiddelde persentasie in albei leerareas gedaal het, het ons leerders op albei verbeter. Ons is ongelooflik trots op elkeen van hierdie groepe leerders en natuurlik ons knap opvoeders. Dit was 'n spanpoging wat die afgelope twee jaar meer uitdagend as gewoonlik was. Ons lewer graag 'n volledige verslag:

**Gr.3 - Grondslagfase**


Ons is werklik baie trots op die Graad 3-groep van 2021 se uitstekende prestasie tydens hul sistemiese toetse. Ons weet dat hierdie groep van Graad 1 tot 3 hard gewerk het om al die kennis en vaardighede te bemeester.

Wiskunde: In 2021 slaag alle leerders, die gemiddelde persentasie verbeter van 88,8% na 89,4%.


Huistaal: In 2021 slaag 93.9% leerders, die gemiddelde persentasie verbeter van 74,8% na 78.8%.

Ten spyte van al die uitdagings tydens die pandemie toon die leerders en hul onderwysers baie veerkragtigheid.


**Wiskunde Slaagpersentasie die afgelope 9 jaar (Geen toetsing in 2020 a.g.v. Covid)**





**Wiskunde Gemiddelde die afgelope 9 jaar (Geen toetsing in 2020 a.g.v. Covid)**



**Afrikaans Slaagpersentasie die afgelope 9 jaar (Geen toetsing in 2020 a.g.v. Covid)**




**Afrikaans Gemiddelde die afgelope 9 jaar (Geen toetsing in 2020 a.g.v. Covid)**




**Gr.6 - Intermediêre fase**

Die gr.6-groep van 2021, ons huidige gr.7's, is 'n dinamiese groep. Dit is duidelik dat hierdie groep op die dag diep gedelf het en net hul beste gelewer het.


Wiskunde: Die graadgroep se slaagpersentasie het gestyg van 91,4% (2019) tot 96,7%. Die gemiddelde persentasie het gestyg van 74,7% (2019) tot 82,6%!
Areas waarin die groep uitstekend (90%+) gevaar het: verslagdoening van data, probleemoplossing met tyd, ordening van algemene breuke, bewerkings met heelgetalle, getalsinne en waarskynlikheid.
Areas waaraan ons kan werk (onder 75%): Probleme met betrekking tot lengte, volume, omtrek en oppervlakte. Ja, julle het reg gelees… die groep het net vir een afdeling onder 75%!

Afrikaans: Die graadgroep se slaagpersentasie het gestyg van 77,7% (2019) tot 98,3%. Die gemiddelde persentasie het gestyg van 60,1% (2019) tot 78,9%!
Areas waarin die groep uitstekend (89%+) gevaar het: Leesbegrip, instruksionele skryfwerk, interpretasie van visuele teks en kreatiewe skryfwerk.
Areas waaraan ons kan werk (onder 80%): Kritiese taalbewustheid.


**Wiskunde Slaagpersentasie die afgelope 9 jaar (Geen toetsing in 2020 a.g.v. Covid)**




**Wiskunde Gemiddelde die afgelope 9 jaar (Geen toetsing in 2020 a.g.v. Covid)**




**Afrikaans Slaagpersentasie die afgelope 9 jaar (Geen toetsing in 2020 a.g.v. Covid)**



**Afrikaans Gemiddelde die afgelope 9 jaar (Geen toetsing in 2020 a.g.v. Covid)**




Saamgestel deur B. Smit, L. de Jager, M. Brink en Naas Beets